**Made available by Hasselt University Library in https://documentserver.uhasselt.be**

N.P. van Wyk Louw

Non Peer-reviewed author version

RENDERS, Luc (2008) N.P. van Wyk Louw. In: Grundlingh, Albert M. & Huigen, Siegfried (Ed.) Van Volksmoeder tot Fokofpolisiekar, p. 169-176..

Handle: http://hdl.handle.net/1942/9330

**En … die grootste is: N.P. van Wyk Louw**
Luc Renders

**I**

In *Orion* van Deon Meyer word herhaaldelik na N.P. Van Wyk Louw verwys. Die gedig 'Die hond van God' word vermeld saam met *Sewe dae by die Silbersteins* van Etienne Leroux: "'n voorlees en bespreking van Van Wyk Louw se "Die hond van God" het regdeur die nag aangehou tot Sondagmiddag ná ete"[1]. Dié verwysing moet dien om die kulturele interesse van die ma van Zatopek van Heerden en as gevolg daarvan sy blootstelling aan intellektuele impulse te verduidelik. Verder kom ook 'Ballade van die nagtelike ure' ter sprake. Drie strofes uit dié gedig word aangehaal. Zatopek besef by die aanhoor van die gedig uit die mond van sy ouer minnares "vir die eerste keer wat kuns werklik is"[2]. Sy obsessionele soeke na die enkele groot liefde is 'n antidoot teen die donker vertwyfeling wat na 'n kortstondige, vlugtige liefdesnag oorbly. Hierdie soektog lei Zatopek tot Nonnie Nagel. Maar juis hierdie vurige liefde word Zatopek se achilleshiel en 'Ballade van die nagtelike ure' daardeur tot 'n deurslag van sy lewe: "Ek het nie geweet dat "Ballade van die nagtelike ure" 'n kristalbal van my lewe sou word nie. Ek het nie geweet hoe finaal en dramaties die môre van my lewe my as opdrifsel oor die rand sou mors nie"[3]. In die verfilming van *Orion* kom Van Wyk Louw nie meer só eksplisiet ter sprake nie maar gee Zatopek vir Nonnie 'n boek van Van Wyk Louw.

Nie net skrywers van speurverhale nie maar ook Afrikaanse sangers gebruik Van Wyk Louw as inspirasiebron. So eggo die gedig 'Jy was 'n kind' deur die lied 'Heiden Heiland' uit *Swanesang* van fokofpolisiekar. Die dramaturg Deon Opperman laat hom ewe-eens deur Van Wyk Louw inspireer. Van sy gedig 'Die plukker' vorm 'Die beiteltjie' die sjabloon. Amanda Strydom vertolk dit op haar cd *Amanda Strydom: vrou by die spieël*. Willie Strauss het 'n cd en 'n teaterproduksie met die naam *Jou ma se poësie en anner gedigte* waarvan 'n hele aantal liedjies toonsettings van gedigte van Van Wyk Louw is. Die klassieke komponis Cromwell Everson het in sy siklus *Vier liefdesliedjies* drie gedigte en in *Die dobbelsteen* twee gedigte van Van Wyk Louw getoonset.

Tot die meer populêre kultuuruitinge kan natuurlik ook kabaretteater gereken word. Ter geleentheid van die herdenking van die honderdste verjaardag van Van Wyk Louw se geboorte is in 2006 die verhoogstuk *NP van Wyk Louw en die meisies* opgevoer. Hierdie stuk word omskryf as "[s]irkus-met-vertelling"[4]. Die bedoeling was duidelik nie om groot kuns te kreëer nie maar om ligte en lawwe vermaak te verskaf: "Dus het ons die opspraakwekkendste dele van sy lewe vir die gehoor probeer berei op die opwindendste maniere moontlik"[5]. Binne hierdie opset - populêre kuns kan immers nie al te moeilik wees nie – is daar skaars plek vir die veeleisender werk van Van Wyk Louw. Op die vraag "Hoe kom jy verby seker estetiese geaffekteerdhede in Louw se poësie?" is die

---

[1] D. Meyer, *Orion*. Kaapstad: Human & Rousseau 2000, 85
[2] D. Meyer, *Orion.* Kaapstad: Human & Rousseau 2000, 100
[3] D. Meyer, *Orion.* Kaapstad: Human & Rousseau 2000, 100
[4] H. Morgan-Hollanders en A. Maritz, *NP van Wyk Louw en die Meisies:* Haydee Hollander gesels met die produksiespan. Op webwerf: www.litnet.co.za, 11.
[5] H. Morgan-Hollanders en A. Maritz, *NP van Wyk Louw en die Meisies:* Haydee Hollander gesels met die produksiespan. Op webwerf: www.litnet.co.za, 11.

antwoord van die regisseur Albert Maritz die volgende: “Ons gebruik doelbewus min van sy poësie en nog minder van sy prosa, en wanneer die poësie ter sprake kom, is “realiteits”-verse ter sprake. Verse wat sy lewenswaarhede onderstreep en prioriteit geniet het in sy lewe: liefde, skoonheid, sy godsdiens en politiek, sy liefde vir sy land”[6] Is die werk van Van Wyk Louw dan tog in dié mate onderhewig aan die tand van die tyd dat dit deesdae nodig is om baie selektief daarmee om te spring? Of het die tydsklimaat sodanig gewysig dat daar skaars nog belangstelling en plek is vir die hoër dinge in die lewe? *Die Huisgenoot* waarin Van Wyk Louw indertyd ’n groot aantal beskouende bydraes gepubliseer het, kan ook nie meer vergelyk word met die hedendaagse weergawe daarvan nie. Baie meer ingetoë as *Van Wyk Louw en die meisies* is *Klippie-nat-spu, vang die haas!*, ’n woord- en musiekprogram gebaseer op *Klipwerk* uit *Nuwe Verse* en die musikale dokumentêr vir televisie *Groot, groter as ... N.P. van Wyk Louw* wat volgens Kyknet se webwerf ’n oorsig bring van die hoogte- en laagtepunte in die lewe van hierdie reus in Suid-Afrika se geskiedenis.

In die meer ernstige literatuur is Van Wyk Louw alomteenwoordig; sy invloed strek wyd en syd. Dit blyk reeds uit die gevleuelde woorde uit sy werk wat as titels van versamelbundels gebruik word soos *Die dye trek die dye aan* van Antjie Krog en Johann de Lange**,** *Ons klein en silwerige planeet* van Johann Lodewyk Marais en Ad Zuiderent en *O wye en droewe Land* van Adriaan van Dis en Robert Dorsman. Selfs al het die poëtiese klimaat heeltemal verander - die digters streef nie langer na die allerhoogste en suiwerste vervoering nie maar is reeds tevrede as hulle op ’n beentjie kan sit en kluif - dan nog gaan van Van Wyk Louw se poësie kragtige naskokke uit. Die poësie van ’n breë spektrum van digters van Johann Lodewyk Marais tot Antjie Krog is skatpligtig aan Van Wyk Louw. In die werk van hedendaagse digters soos Ilse van Staden, Gert Vlok Nel, Danie Marais en sovele andere eggo gedigte, strofes of versreëls van Van Wyk Louw.

Nie net digters nie, ook prosaskrywers tree in gesprek met Van Wyk Louw. In *Die boek van toeval en toeverlaat* van Ingrid Winterbach het die hoofkarakter ’n ontsaglike bewondering vir skulpe omdat hulle die resultaat is van ’n voorspelbare, wiskundige proses. Skulpe is volmaak ritmies en gebalanseer: “Soos Piero in Van Wyk Louw se gedig, leef die nautilusskulp skoon in die wiskunde” [7]. Hierdie verwysing roep sowel die gedig ‘Piero della Francesca’ [8] as ‘Suiwer wiskunde’ op [9]. Juis hierdie volkome harmonie en perfeksie is vir die mens onbereikbaar. Die mens is die speelbal van die wispelturige toeval. Verlies en verganklikheid is inherent deel van sy onontkombare lot.

Ook die onheilspellende, donker drifte in die mens kom in die poësie van Van Wyk Louw aan bod. In *Raka* vorm hulle die grootste bedreiging vir vooruitgang, orde en beskawing. Koos Kombuis se *Raka - die roman* begin waar die gedig van Van Wyk Louw eindig: die stryd tussen goed en kwaad, lig en duisternis is in die voordeel van die duister kragte beslis. Hulle kan nou hul veroweringstog begin. In die Afrikanergemeenskap het hulle al klaar die oorwinning behaal. Die beeld wat in die roman van die dominee Theunis Opperman se gesin, wat ’n modelfamilie behoort te wees,

---

[6] H. Morgan-Hollanders en A. Maritz, *NP van Wyk Louw en die Meisies:* Haydee Hollander gesels met die produksiespan. Op webwerf: www.litnet.co.za, 14.
[7] I. Winterbach, *Die boek van toeval en toeverlaat.* Kaapstad: Human & Rousseau 2006, 307.
[8] N.P. van Wyk Louw, *Versamelde gedigte.* Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau 1981, 256.
[9] N.P. van Wyk Louw, *Versamelde gedigte.* Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau 1981, 182.

geskets word, is baie ontluisterend. Dat die storie hom boonop afspeel op Stellenbosch, die bastion van die Afrikaner, maak dinge net nog erger.

*Raka* is ‘n swart boek. Tog gee die humor ’n verteerbare lugtigheid aan die roman. Die karakters wat Koos Kombuis opvoer en die situasies waarin hy hulle laat beland is dikwels hilaries. Die absurde oordrywings en eksessiewe uitspattings maak van die roman lekker loslit prosa. Of die leser bly lag tot die einde is egter nie so seker nie. Met die totale morele verval van die Opperman gesin – aan die begin van die slottoneel “sit die kinders, diep gerook van Jozi se pille, en luister na Jan Blohm. “Hoor daar,” sê Jozi. “Hy sing van N.P. van Wyk Louw” [10]- bly van Van Wyk Louw se ideale vir sy volk bitter min oor. Is verandering, vrees en verlies die lot van ’n volk wat ná 1994 sy politieke mag heeltemal verloor het, opnuut vir sy oorlewing moet veg en daardeur in ’n swaar identiteitskrisis beland het? Dat hierdie ekstrapolasie gebeur op basis van die epiese gedig van ‘n digter en denker wat sulke hoë aspirasies vir sy volk gekoester het, is uiters ironies. En dan is *Raka – die roman* nog kinderspeletjies in vergelyking met *Kontrei* (2003) van Kleinboer aan wie Koos Kombuis *Raka – die roman* opdra of *Horrelpoot* (2006) van Eben Venter.

*Raka – die roman* kan beswaarlik groot kuns genoem word – dit kan seker nie verwag word van ’n skrywer wat die naam Koos Kombuis as pseudoniem gebruik nie - maar die toekomsbeeld wat daarin van die Afrikaner en by implikasie van die Afrikanervolk verbeel word, is ysingwekkend pessimisties. Onvermydelik word hierdeur Van Wyk Louw se opvattings oor literatuur en kultuur, taal en volk geaktiveer en gedekonstrueer.

**II**

Van Wyk Louw het daarna gestrewe om deur hoogstaande kultuurprodukte aan Afrikaans en die Afrikanervolk bestaansreg te verleen. Om daarin te slaag moes die Afrikaanse literatuur loskom van sy gemoedelike lokale realisme om deur die onverskrokke uitbeelding van alle aspekte van menswees tot ’n universele vlak te styg. Die aristokratiese kunstenaar moes dit moontlik maak. Van Wyk Louw het homself gesien as die segsman en verteenwoordiger van hierdie ideaal. Afgesien van die bombasme, patetiek en selfverheerliking waartoe dit partykeer gelei het, het Van Wyk Louw in sy eie poësie volgens algemene konsensus daarin geslaag om ’n uitsonderlik hoë vlak te bereik: “Met dit alles is Van Wyk Louw die grootste digtersfiguur van die Afrikaanse letterkunde” skryf Kannemeyer [11].

Van Wyk Louw se strewe na ’n hoë letterkunde kan nie geïsoleer word van sy gedagtes oor die plek en die rol van die skrywer binne sy gemeenskap en oor die belang van die literêre werk nie. Terwyl die literêre werk aan die een kant uitdrukking gee aan alles wat in ’n volk leef, kan dit ook die volk oorstyg deur ‘n breër perspektief oop te maak en daardeur vir die nodige intellektuele verruiming te sorg. So skryf Van Wyk Louw oor die belang van C. Louis Leipoldt: “In die dae van ons grootste nood was Leipoldt die *hart* van die Afrikaanse volk ... Toe het Leipoldt gepraat, woorde gegee aan ons smart en hierdie Afrikaanse wêreld van ons laat opglans van ’n liefde wat in honderde jare gegroei het ... Hy het op een tydstip die *intellek* van ons volk verpersoonlik.

[10] K. Kombuis, *Raka - die roman.* Kaapstad: Human & Rousseau 2005, 221.
[11] J.C. Kannemeyer, *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur . Deel I.* Kaapstad: Academica 1978, 437.

Hy was miskien self geen groot denker nie, maar hy het iets in hom gehad wat buite die denk van ons volk gereik het. Hy het hom in baie opsigte teen die eng grense van ons Afrikaanse gedagtewêreldjie gestamp ... Maar hy het aan 'n hele geslag getoon dat daar dinge buitekant ons lê" [12]. Dit is dan ook nie verwonderlik nie dat Van Wyk Louw die werk van 'n jonger generasie skrywers verdedig het, al het hy, soos in die geval van Jan Rabie, tog sekere voorbehoude gehad.

Waar Van Wyk Louw se poësie nie direk polities betrokke is nie, handel sy dramas meestal oor aktuele maatskaplike temas. 'n Aantal van hulle is boonop geleentheidsdramas of hoorspele wat hy as opdragstukke geskryf het. So is *Die dieper reg: 'n spel van die oordeel van 'n volk* (1938) geskryf na aanleiding van die eeufeesherdenking van die Groot Trek. Dis opgevoer tydens 'n volksfees georganiseer deur die Afrikaanse Kultuurraad van Pretoria ter geleentheid van die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938 en het groot gehore getrek. *Die pluimsaad waai ver of bitter begin* is 'n opdragwerk ter geleentheid van die Republiekfeesviering van 1966 en *Berei in die woestyn* is geskryf vir die eenmalige 'Fees van die Grond' in 1968. 'n Aantal hoorspele is uitgesaai op die SAUK. H.F. Verwoerd het skerp uitgevaar teen *Die pluimsaad waai ver of bitter begin*. Van Wyk Louw het hom baie misnoeg gevoel oor dié kritiek. Sy drama was bedoel as lojale ondersteuning van die Afrikanersaak: 'n onthou van die Anglo-Boeroorlog en 'n waarskuwing teen verdeeldheid. Sy drama het nie die bedoeling gehad om die nasionalistiese ideologie te ontmantel nie maar inteendeel om dit te bevestig en te versterk. Die negatiewe reaksies in Afrikanernasionalistiese kringe het op 'n verkeerde interpretasie van die inhoud daarvan berus.

In sy dramas het Van Wyk Louw nie die strak grensdrade van Afrikanernasionalisme probeer deurbreek nie: "As iemand sê ek is 'n vrot skrywer, haal ek my skouers op – wie is ek om te oordeel? Maar as my Afrikanerskap in twyfel getrek word, kan dit nog seer maak, bitter seer ... As gevra word om jonger digters wat eg nasionaal sing, kan een maklik sê: 'Wat het gebeur met Van Wyk Louw, wat dit al dertig jaar probeer doen?" [13].

Van Wyk Louw was nie net 'n literator nie maar ook 'n akademikus en 'n bekende persoonlikheid. Met sy beskouings, wat onder andere in *Die Huisgenoot* verskyn het, het hy 'n breë publiek bereik. Hy besin oor Afrikaans, die Afrikaanse literatuur en sy eie kreatiewe werk, die rol van die Afrikaanse skrywer, Afrikanernasionalisme, volkwees ens. Steeds word kuns en volk onlosmaaklik verbind. In die voorwoord van *Berigte te velde* (1939) skryf hy: "Maar by die herlees van die stukke het dit my voorgekom asof daar een oortuiging aan almal ten grondslag lê, 'n neiging om twee standpunte saam te vat wat anders skerp teenoor mekaar gestel word; 1. 'n geloof aan die primaat van die suiwer estetiese in die kuns, en 2. die oortuiging dat so 'n "suiwer estetiese" kuns 'n groot, selfs 'n beslissende faktor in die lewe van 'n volk is – en dat dit nie alleen met die kwaliteit van die lewe binne daardie volk te doen het nie, maar nog dieper, met die bestaansreg van die volk self" [14].

Van Wyk Louw het die ambisie en die visie gehad om die Afrikaanse kultuur los te week uit sy bedompige middelmatigheid. Aan die jong taal en die klein volk wou hy 'n

---

[12] J.C. Kannemeyer, *Leipoldt.* Kaapstad: Tafelberg 1999, 656.
[13] J.C. Steyn, *Van Wyk Louw. 'n Lewensverhaal. Deel II.* Kaapstad: Tafelberg 1998, 1046.
[14] N.P. van Wyk Louw, *Versamelde prosa. Deel I.* Kaapstad: Tafelberg 1986, 3

momentum gee wat dit sou laat opstoot in die vaart van die volkere. Hy het homself gesien in die rol van 'n fasiliteerder. Deur middel van sy eie poësie en sy beskoulike werk het hy Afrikaans en die Afrikaanse volk besiel met 'n selfbewusheid wat dit tevore nie gehad het nie. Op kultuurvlak het hy bereik wat die Afrikaanse politieke leiers met die verkiesingsoorwinning in 1948 teweeggebring het: 'n hernude geloof in die toekoms van die Afrikanervolk en van Afrikaans. Van Wyk Louw se verdienstes is algemeen erken binne die Afrikaner gemeenskap. Aan Van Wyk Louw is 'n mitiese, goddelike status verleen. Sy geestelike nalatenskap is voorgestel as onsterflik.

Natuurlik moet Van Wyk Louw binne sy historiese konteks geplaas word. Die jare dertig en veertig was 'n periode van nuwe strydvaardigheid en groeiende selfvertroue vir die Afrikaner, die volgende dekades 'n tydperk van politieke en kulturele magskonsolidasie. Ondanks sy kritiek op bepaalde aspekte van die beleid van die Nasionale Party het Van Wyk Louw nooit afstand geneem van Afrikanernasionalisme nie. Sy wêreldvisie is bepaal deur sy oortuigde Afrikanerskap. Dit het dit vir hom onmoontlik gemaak om vanuit 'n omvattende en inklusiewe perspektief die Suid-Afrikaanse werklikheid te analiseer. Dis uiters ironies dat waar Van Wyk Louw verset en opstand teen die onreg wat 'n volk ervaar as 'n reg beskou, hy dit net van toepassing maak op die Afrikanervolk: "Dit word dikwels gesê dat Van Wyk Louw sy tyd vooruit was ten opsigte van die Suid-Afrikaanse politiek. Hierdeur word seker bedoel dat hy te liberaal was. Hierdie stelling mag waar wees waar dit gaan oor die Kleurlinge. Maar as ons kyk na sy siening van die swartes se posisie in die land, moet ons oordeel anders wees. Weer, as gevolg van sy koppeling van volk, kultuur en taal, kom sy siening neer op apartheid" [15].

Is dit weens Van Wyk Louw se lojaliteit teenoor die nasionalistiese ideaal dat sy idees onder die Afrikaner elite en intellektueles so 'n groot byval kon vind en hyself tot 'n ikoon kon uigroei? Dat 'n aanhaling van Van Wyk Louw, saam met een van C.J. Langenhoven, op 'n groot inskripsie by die ingang van die Taalmonument in Paarl aangebring is, baar geen verwondering nie. Het sy standpunte 'n groot aanvaarbaarheid gehad juis omdat hulle nie die grondveste van Afrikanernasionalisme en van die regeringsbeleid aangetas het nie? Het die meeste Afrikaner intellektuele hul inspirasie nie by dieselfde nasionalistiese bronne gesoek nie? Was hulle nie almal broeders onder mekaar nie? Per slot van sake was die groot meerderheid Afrikaners, ook die intellektuele elite, gewillige en volgsame ondersteuners van die verskillende Nasionale Party regerings. Is Van Wyk Louw se idees nie ingespan om intellektuele dekking aan die regeringsbeleid te verleen nie?

Dit was dan ook vanselfsprekend dat Van Wyk Louw se idees verder uitgedra moes word. Die instelling van die N.P. Van Wyk Louw-gedenklesing aan die vroeëre Randse Afrikaanse Universiteit het hierdie doel gedien. F.I.J. van Rensburg stel dat een van die oogmerke was "om die "*onverwerkte moontlikhede*" van Louw se oeuvre verder uit te werk. Sodoende is dit nie bloot 'n *huldigingslesing* of 'n *herdenkingslesing* nie, maar ook die bepaling van die tersaaklikheid van Louw se werk "vir latere tye"" [16]. En hoe het die meeste van die aanbieders van die gedenklesings nie ontroerend hul bes probeer om die blywende relevansie van Van Wyk Louw op diverse maatskaplike

[15] R.E. Van der Ross, "Onvoldoende liberalisme" in W. Burger (red.), *Die oop gesprek. N.P. van Wyk Louw-gedenklesings.* Pretoria: Lapa 2006, 95.

[16] W. Burger, "Voorwoord: die (steeds) oopgelate kring". In W. Burger (red.), *Die oop gesprek. N.P. van Wyk Louw-gedenklesings.* Pretoria: Lapa 2006, ii.

terreine vir latere generasies Afrikaners te beklemtoon nie. Net in die meer onlangse lesings het skoorvoetend verandering gekom in die heldeverering van Van Wyk Louw en is ’n kragtiger polemiese en kritiese rigting ingeslaan. Dit is trouens opvallend hoe apologeties en versigtig selfs die sagste kritiek op Van Wyk Louw se werk deurgaans geformuleer word. Van kritiek is in J.C. Steyn se volumineuse biografie *Van Wyk Louw. ’n Lewensverhaal* geen sprake nie. Dit is meer ’n hagiografie as ’n nugter en objektiewe lewensbeskrywing.

**III**

Ná 1994 het die situasie van die Afrikaner radikaal gewysig. Met die installasie van ’n swart meerderheidsregering het die Nasionale Party sy politieke mag verloor. Sowel die taal as die kultuur van die Afrikaner het in die verdrukking gekom. Redelikerwys sou kon verwag word dat met die bankrotskap van Afrikanernasionalisme ook Van Wyk Louw se idees aan aantrekkingskrag sou inboet. Niks blyk egter minder waar te wees nie. Vanuit ’n sterk gevoel van verontregting en verontwaardiging word vanuit verskillende kringe, groeperings, bewegings en bonde krampagtig na ’n nuwe nasionalistiese dinamiek vir die Afrikanervolk gesoek. Van Wyk Louw lyk populêrder as ooit te wees. Daar is natuurlik parallelle, maar ook groot verskille, tussen die jare dertig en veertig aan die een kant en post-apartheid Suid-Afrika aan die ander. Maar of Van Wyk Louw se opvattings nog altyd die marsroete van die Afrikaner moet en kan aandui, is beslis materiaal vir ’n ernstige oop gesprek. Is Van Wyk Louw nog altyd die superafrikaner wat redding sal bied wanneer die nood die hoogste is? Behoort figure soos Breyten Breytenbach en ander gewese afvalliges nie eerder as nuwe rolmodelle of kultfigure aanvaar te word nie? Maar Breytenbach se wedervare wys daarop dat dit skaars denkbaar is dat ’n dissident ooit tot ’n ikoon van die Afrikanervolk gekanoniseer sal word.

Die veelvuldige gebruik deur bepaalde persone en groepe van Van Wyk Louw se naam en sy opinies – dikwels bloot as ’n gesagsargument - hou onvermydelik in dat sy reputasie kragtig verdedig moet word. Vir baie Afrikaners was en bly Van Wyk Louw nog steeds onaantasbaar as skrywer en denker. Hy is soos ’n teflon pan: smet- en roesvry. En hy kan sonder probleme deur almal van verligtes tot verkramptes - deesdae veral deur konserwatiewe tot uiters konserwatiewe bewegings - vir allerlei doeleindes toegeëien en ingespan word. Soms kom die erkenning egter uit ’n totaal onverwagse hoek: in 2005 het president Thabo Mbeki aan Van Wyk Louw postuum die Orde van Ikhamanga in Goud toegeken.

Terselfdertyd lyk daar min bereidheid te wees, in die lig van die politieke en maatskaplike aardverskuiwing wat Suid-Afrika getref het, om Van Wyk Louw se idees krities te analiseer en hul relevansie vir die huidige Suid-Afrika aan ’n grondige herondersoek te onderwerp. Kritici wat bepaalde beperkthede in Van Wyk Louw se argumentasie uitgewys het, word dikwels swaar getakel waarby argumente ad hominem nie gesku word nie. Maar ’n skrywer se geestelike nalatenskap is nie onaantasbaar of onaanvegbaar nie, watter verwoede pogings sy erfgename en akademiese en ander akoliete ook al aanwend om dit in stand te probeer hou. Uiteindelik bly niks vir ewig nie, ook nie die grootste ikone nie.

Ongetwyfeld is Van Wyk Louw se geestelike nalatenskap in beter hande by populêre skrywers en sangers en by literatore en klassieke komponiste. Hulle maak ten

minste op ’n kreatiewe manier gebruik van aspekte van die nalatenskap van N.P. van Wyk Louw deur dit te toets aan die steeds veranderende politieke en maatskaplike konteks. Is dit nie die beste vorm van eerbetuiging aan ’n groot Afrikaanse digter nie?

**Bronne**


Burger, Willie. 2006. ‘Voorwoord: die (steeds) oopgelate kring’. In Burger, Willie (red.) *Die oop gesprek. N.P. van Wyk Louw-gedenklesings*. Pretoria: Lapa.

Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur. Deel I*. Kaapstad: Academica.

Kannemeyer, J.C. 1999. *Leipoldt*. Kaapstad: Tafelberg.

Kombuis, Koos. 2005. *Raka – die roman*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Louw, N.P. van Wyk, 1981. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.

Louw, N.P. van Wyk, 1986. *Versamelde prosa. Deel I*. Kaapstad: Tafelberg.

Meyer, Deon. 2000. *Orion*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Morgan-Hollander, Haydee en Maritz, Albert. *NP van Wyk Louw en die Meisies:* Haydee-Hollander gesels met die produksiespan. Op webwerf: www.litnet.co.za.

Steyn, J.C. 1998. *Van Wyk Louw. ’n Lewensverhaal. Deel II*. Kaapstad: Tafelberg.

Van der Ross, R.E. 2006. ‘Onvoldoende liberalisme’. In Burger, Willie (red.). *Die oop gesprek. N.P. van Wyk Louw-gedenklesings*. Pretoria: Lapa.

Winterbach, Ingrid. 2006. *Die boek van toeval en toeverlaat*. Kaapstad: Human & Rousseau.